



ONDERSTEUNING VAN DIE DEELNAME VAN VROUE IN VERKIESINGS: Deur Henriette Visser – ACA Media Verteenwoordiger

OPMERKINGS

Agbare kollegas, verteenwoordigers en lede van die OVK. Ek bedank God en U vir die uitnodiging en die geleentheid om U te kan toespreek ten opsigte van die deelname van vroue aan verkiesings.

INLEIDING

Die rol wat vroue speel in die politiek, en spesifiek in verkiesings, is 'n baie relevante onderwerp wat plaaslik sowel as internasionaal, veral in die onlangse verlede aandag geniet het. Plaaslik het die onlangse viering van Nasionale Vrouedag ons opnuut bewus gemaak van die belangrike rol wat vroue gespeel het om verandering in Suid-Afrika te help bewerkstellig en stabiliteit te handhaaf, veral gedurende die transformasieperiode. Internasionaal word die rol van vroue ook gere-evalueer. Terwyl die Amerikaners tevrede blyk te wees om vroue soos Condoleezza Rice in hoë-profiel poste in die staatsdiens te gebruik, kom dit voor asof die kieserspubliek nog nie heeltemal gereed is om 'n vrou as Opperbevelvoerder in te huldig nie. Dit was ook bewys toe Barack Obama vir Hillary Clinton in die Demokratiese Party se verkiesingstryd die loef afgesteek het toe dit by die verkiesing van hulle kandidaat tydens die onlangse Amerikaanse Presidentsverkiesing.

DIE ACA SE SIENING TEN OPSIGTE VAN KWOTAS

Die Afrikaner Christen Alliansie (ACA) glo dat vroue 'n baie belangrike rol het om te speel by die bou van ons nuwe demokrasie en ons onderneem om ons volle samewerking te wy aan enige pogings met betrekking tot die bekragtiging en bevordering van vroue, solank dit nie ons Christelike waardes nadelig beïnvloed nie. As 'n gewetensaak kan die ACA geensins enige vorm van kwotasistiem aanbeveel of enige poging om so 'n stelsel op die samelewing te probeer afdwing goedkeur nie, aangesien ons geen onregverdige bevoordeling ten opsigte van posbeskerming, of die onregverdige bevoordeling van enigenen voorstaan nie. Het ons sowaar nog niks uit ons veelbewoë verlede geleer nie? Om enige posisie te reserveer of voorkeurbehandeling aan enige groep, ten koste van enige ander groep toe te staan selfs as dit onder die waan van sogenaamde regstellende aksie geskied, is gewaarborg om gevoelens van onreëlmatigheid en weersin te kweek.



Sekerlik is dit laaste ding wat enigeen wil hê, en is presies wat ons nie herhaal wil sien nie! Om die selfde foute wat in die verlede gemaak was te herhaal, gaan hulle nie ongedaan maak nie. Alhoewel die ANC 'n mate van sukses behaal het deur die aanstelling van meer vroue in die staatsdiens deur middel van die kwotasisteam, is die ACA geneig om saam te stem met 'n verslag wat deur die **Verenigde Nasies se Kantoor van die Spesiale Adviseur ten opsigte van Geslagsaangeleenthede** uitgereik is wat sê : (en ek kwoteer) "...terwyl 'n kwotasiesteam aan vroue 'n teenwoordigheid in die parlement kan verseker, is daar geen waarborg dat hulle hulself effektief sal kan handhaaf nie...." (Einde van kwotasie). Die verslag berig verder dat kwotas en opleiding van vroue gelyktydig gebruik behoort te word om hulle te bemagtig. Hierdie teorie stryk veel meer met ons eie sienswyse dat slegs die **besgekwalfiseerde, beskikbare persoon** met die regte kwalifikasies, aanleg en ondervinding aangestel behoort te word in enige posisie, hetsy dit in die staatsdiens of in die privaatsektor is. Wanneer daar afgewyk word van hierdie basiese indiensnemingsbeginsels, kom krisis voor soos wat Eskom ondervind het met hulle beleid van Regstellende Aksie. Hulle is nou in die middel van 'n dilemma waar hulle geen ander uitweg het nie, as om teen buitensporige koste behoorlik gekwalfiseerde mense uit die buiteland aan te stel – mense wat hulle in buitelandse valuta soos die Dollar of die Euro moet betaal. Dit sal interessant wees om te weet hoe dit Eskom se geldsake affekteer, en doelwitte ten opsigte van Regstellende Aksie en Ekonomiese Bemagtiging nou lyk, veral na hierdie fiasko. Die ACA verstewig sy standpunt verder deur te benadruk dat dit **SLEGS die kandidatuur van ware Christene sal ondersteun**, manlik of vroulik, aangesien ons glo dat hulle 'n beter begrip het van die 'hart' en die werkinge van openbare diens, wat behels dat andere, en nie die self bedien word nie. Ten spyte van die ACA se opposisie van 'n kwotasisteam, het ons 'n uitstekende reputasie ten opsigte van geslagseenheid. Sedert die ACA se totstandkoming in 2005, het ons reeds twee setels in die plaaslike regering behaal waarvan een in die (Pretoria) Tshwane Metroraad deur 'n man bekleed word, en die ander posisie bekleed word deur 'n swart vrou in die Munisipaliteit van Madibeng (Brits). Sedertdien het die ACA ook deel gehad aan die plaaslike verkiesings en ± 95% van die ACA kandidate wat in daardie verkiesings gestaan het, was vroue.

BEMAGTIGING VAN VROUE BETEKEN OPLEIDING VAN VROUE

Die Afrikaner Christelike Alliansie is van mening dat die enigste manier om vroue waarlik te bemagtig en om hulle betrokkeheid lewendig te hou is om hulle op te lei. Ons wil vroue graag op twee maniere betrek, naamlik as kiesers, maar ook as kandidate.



VROUE AS KIESERS

Indien die ACA aan bewind sou kom, sou ons die lewens van vroue op grondvlak verryk deur:

1. weer die doodsvonnis vir misdade soos verkragting, en
2. ontslae te raak van korrupsie in die staatsdiens sodat skenkings en fondse ten opsigte van kinderswelsyn in die hande van dié wat dit behoort te kry, opeindig. As so 'n kind byvoorbeeld by sy/haar ouma woon omdat dié se ma weggetrek het om watse rede ook al, moet die geldelike hulp dus nie aan die man nie, maar aan die ouma uitbetaal word.

Die ACA sal ondersteuning bied en bydraes maak aan inisiatiewe wat poog om te verseker dat die maksimum getalle van vroue vroegtydig geregistreer word as kiesers, en sal registrasie-veldtogte ondersteun wat spesifiek klem lê op vroue. Veldtogte moet op die been gebring word met gepaardgaande opleiding wat klem lê op die werwing van vroulike kiesers in stedelike sowel as plattelandse gebiede. Verder moet dit so maklik as moontlik gemaak word vir vroue om toegang tot stemlokale te kan hê en daar moet voldoende tyd vir hulle wees om te kan stem. Pogings moet aangewend word om alle gevalle van vroue wat by stemlokale ge-intimideer word, te monitor en uit te roei. Daar moet gepoog word om die gewoonte van 'familie-stemming' soveel as moontlik te bekamp, en die geheimhouding van die individu se stem te waarborg. Die ACA voer aan dat terwyl dit die verantwoordelikheid van ALLE partye is om hierdie doelwit te bereik, die Staat – nie die ANC nie – die koste van inisiatiewe soos hierbo uiteengesit behoort te dra aangesien sulke aksies die Suid-Afrikaanse demokrasie sal uitbou en ontwikkel. Die ACA – en ons is oortuig dat ander partye ook – meer as gewillig sou wees om die nodige dienste en kennis te verskaf om programme van so 'n aard te formuleer en te bedryf.

VROUE AS KANDIDATE

Soos reeds genoem het die **Afrikaner Christelike Alliansie** 'n uitstekende rekord wat betref die ondersteuning van vroulike kandidate vir verkiesings. Voordat 'n kandidaat toegelaat sal kan word om die ACA te verteenwoordig in 'n verkiesing, sal daar seker gemaak word dat so 'n kandidaat:

- 'n Oorgegewe Christen is
- Behoorlik gekwalifiseerd is, met die nodige ondervinding
- Geen aandeel het in enige korrupsie of self-verryking nie, en
- Wat 'n persoon met integriteit is wat gewillig is om hulle wat hom/haar ingestem het, te dien.



Laat daar ook beklemtoon word dat **die ACA nog nooit in 'vloerkruisings' geglo het nie en dat geen kandidate wat van ander party af na ons toe oorloop, deur ons aanvaar sal word nie.** Die ACA is tans nog 'n klein en jong party, maar ons glo dat ons baie het om te bied aan vroulike kiesers en kandidate.

VROUE AS LEIERS IN DIE BYBEL

Vir diegene wat wonder hoe ons dit kan waag om Christelikheid te koppel aan vroue se rol in verkiesings, kan ons kyk na die bron van alle waarheid: **Die Bybel**. Christelikheid staan nie vroue se deelname aan politiek teë nie. *Debora*, wat 'n regsgeleerde was, is 'n baie goeie voorbeeld. Sy het regeer oor die Israëliete gedurende 'n tydperk waartydens daar geen formele koning of regeerder was nie. *Ester* is nog 'n voorbeeld van 'n vrou wat betrokke was in die politieke aangeleenthede van haar tyd en wat deur haar toedoen dit moontlik gemaak het om haar volk van verskriklike vervolging te vrywaar.

GEVOLGTREKING

Ter afsluiting, laat my toe om met U 'n persoonlike ondervinding te deel. Ek kan onthou dat toe ek 'n jong dogter was, ek in 'n gesprek met my ma was omtrent die verkiesing van PW Botha wat pas plaasgevind het. My Ouma was ook teenwoordig en sy het my onmiddellik stilgemaak deur te sê dat politiek "nie vir vroue was nie" omdat dit glo 'n vuil besigheid" was – dat "vroue beter daaraan toe is wanneer hulle hulself bepaal by die grootmaak van kinders, koskook en om hulle mans gelukkig te hou". Sedert daardie dae het ons voorwaar baie vordering gemaak. As die ACA glo ons dat politiek beslis nie 'n "vuil besigheid" is nie en dat vroue ongetwyfeld betrokke behoort te raak. Dit is egter wanneer kandidate wat geen Bybelse waardes het nie en wat ingestem word in posisies waar hulle hul mag kan misbruik daarvan kan maak, wat hulle van die openbare arena 'n uiters vuil plek kan maak tot nadeel van al die ander eerbare politici.

Ek bedank U en wees geseënd!